# Hoofstuk van die dag: Jeremia 10

> *Hulle is almal gekke en dwase, want 'n stuk hout kan vir 'n mens niks leer nie. (Jer 10:8)*

Jeremia onderbreek sy aankonding oor die dreigende inval uit die Noorde met 'n kort himne (vers 1-16) waarin hy die onsinnigheid van afgodsdiens beskryf en dit teenoor die lewende, ware, almagtige God stel.
Afgodsdiens was egter nie net 'n verskysel in Ou Israel nie. Dit is steeds met ons. Dit is wanneer jy jou wegdraai van die lewende God af, en jou na iets wend wat die plek van God in jou lewe inneem. God as die Skepper word verwerp, terwyl jy die mag en gesag wat God alleen toekom, aan 'n geskape ding gee.
Só gesien is afgodsdiens eintlik 'n manier om die Een wat die ware gesag en mag in jou lewe behoort te hê, te ontwyk.
Enige iets kan 'n afgod word, selfs in ons godsdiens. Mý kerk en kerklike tradisies, mý onfeilbare Skrifverstaan … Enige iets wat my kan help om die spanning en eis van 'n persoonlike ontmoeting met die Almagtige God te ontwyk, kan 'n vorm van afgodsdiens word.
Hierdie afgodsdiens is nie net so sleg soos die afgodsdiens wat Jeremia veroordeel nie; dit is baie erger, want ons behoort van beter te weet.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026